# Pogings om 'n Klaskamermuseum vir Geskiedenis op te bou


## *Die Geskiedenis-klasmuseum*

deur


A. A. J. VAN NIEKERK

DIT is seker van groot belang dat daar reeds op skool gepoog sal word om by leerlinge 'n gesonde belangstelling vir geskiedenis op te wek. Daar bestaan 'n groot aantal metodes waardeur die geskiedenisonderwyser belangstelling vir hierdie skoolvak kan wek. Op al hierdie metodes en moontlikhede kan nie in die bestek van 'n enkele artikel ingegaan word nie, tog kan kortliks op één baie interessante metode hier ingegaan word, naamlik die klasmuseum vir geskiedenisonderrig.

By die Hoër-Seunskool te Oudtshoorn is daar ongeveer vier jaar gelede begin met die opbou van so 'n museum. Vrywillige bydraes het van die begin af ingestroom en etlike van die skenkings is as so waardevol beskou dat die skenkers aangeraai is om dit liewer aan die een of ander groot museum te bemaak. Met meer aanmoediging het die museum so gegroei dat daar aandag aan 'n klassifisering gegee moes word. Die klassifisering het dan ook afgehang van die voorwerpe wat ons reeds in ons besit gehad het. Die vyf hoofgroepe was dan:



*Voorbeelde van materiaal wat die leerlinge self versamel het.*



*Argeologiese materiaal wat in die versameling aangetref word.*

(i) Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis;
(ii) Suid-Afrikaanse inboorlinge;
(iii) Argeologie;
(iv) Buitelandse geskiedenis;
(v) Muntstukke.

Die museum bly nog altyd bysaak; die middel tot 'n doel. Wat is dan hier van die grootste belang? Ons wil hier kortliks vertel van twee sulke ondernemings en veral daarop wys watter spontane belangstelling dit opgewek het, nie slegs vir die onderneming as sodanig nie, maar ook vir die skoolvak.

*„Die Bloedspore" naby Kamanassie:*

'n Leerling het bloot toevallig gedurende 'n les vertel dat daar naby sy vader se plaas so 'n interessante verskynsel is. Die ou mense vertel, so sê hy, dat daar baie lank gelede in 'n sekere randjie 'n geveg tussen trekboere en Hottentotte plaasgevind het. Een van die boere is dodelik gewond waar hy agter 'n plat klip gelê het. Hy het opgespring, oor die rots gestap en oor die rand geval. Sy spore lê vandag nog so in die bloed afgedruk op die plat rots. Presies 'n nommer sewe skoen en mooi op tree-afstand van mekaar. Meneer kan kom kyk as Meneer nie glo nie.

Die belangstelling was gaande en die uitnodiging is aangeneem. 'n Groep sal per fiets daarheen gaan en vasstel of ons met 'n kluitjie in die riet gestuur is. Ten spyte van die hitte van die somer en ten spyte van genoeg rybare fietse, was feitlik die hele klas op die afgesproke plek. Die ongeveer twaalf myl is in 'n klein tydjie afgelê. En werklik, die spore was daar, ongelooflik realisties net asof iemand met nat skoene 'n oomblik gelede oor die rots gestap het en

toe oor die afgrondjie geval het. Behalwe die bruin spore, was die rots verder vol „bloedspatsels" al langs die spore.


En nou die bespiegelings en die vrae. Waar sou die ander boere gelê het? Die Hottentotte was seker in die vlaktetjie daar onder of het met daardie sloot opgekom. Waar het hulle gewere gekry? Waaroor sou die geveg gegaan het? Wanneer sou dit gebeur het? En hier tussen die aalwyne en die spekbome, in die mees ideale omstandighede vir 'n avontuurlustige seun, leer hy geskiedenis en hy geniet dit. Hier hoor hy van die veeboer-pionier wat die wêreld mak gemaak het, van hulle lewenswyse, van hulle stryd teen die Boesmans en Hottentot- en Griekwabendes.

Maar terug na die bloedspore en 'n meer wetenskaplike benadering. Die seun weet nie meer watter oom hom die storie vertel het nie. Navrae by mense wat in die buurt woon, het ook nie veel meer as skouerophalinge opgelewer nie. Dan maar na die laboratorium. 'n Paar stukkies van die rots met die vlekke daarop is sorgvuldig afgekap vir die museum. En 'n paar weke later het die antwoord gekom. Nee, dit is 'n natuurfrats en die natuurwetenskaplike het 'n volledige verslag opgestel met 'n verklaring hoe die verbindinge plaasgevind het wat die eienaardige vlekke op die rots gevorm het.

Die les oor die veeboer-pionier is in elk geval geleer en word onthou.

*Die Grot van Buffelsrivier.*

Van tyd tot tyd word daar in sekere lesse verwys na die prehistoriese tydperk en dan ontstaan natuurlik die vraag waaruit hierdie gegewens verkry word. Op die antwoord dat daar opgrawings deur navorsers gedoen word en dat hulle



*Voorbeelde van fossiele in die versameling.*

veral baie gegewens versamel het, word daar dan gewoonlik vertel van grotte op plase, van Boesmantekeninge ensomeer.

Een van hierdie grotte het groot moontlikhede getoon en daar is 'n naweek-uitstappie daarheen gereël. Aanbiedinge om vervoer, kruiwaens, grawe, pikke en siwwe was meer as te veel en so baie wou deelneem aan die onderneminkie dat uiteindelik op die plan gekom is dat daar slegs uitnodigings gerig sal word deur die seun op wie se vader se plaas die grot geleë is.

Voorsien van al hierdie gereedskapstukke, groot entoesiasme maar sonder kennis van opgrawingswerk met slegs 'n onbeperkte vertroue in Meneer se wysheid, is die taak toe onderneem. Die werk is in elk geval so sorgvuldig moontlik aangepak en van die bekende metodes is gebruik gemaak. In die grot was daar geen trek nie en die geringste stof het in die lug bly hang sodat die werk uiters onsmaaklik was. Die afvalmateriaal op die vloer van die grot het hoofsaaklik uit vuuras en die mis van diere bestaan en dit het die werk werklik onaangenaam gemaak. Telkens het die met stof besmeerdes met nog net oë en tande wat blink, kom kyk of die siwwe nog nie iets gevind het nie. En die siwwe het werklik mooi vondste opgelewer: krale van klip en volstruis-eierdoppe, ander versieringe, oorringe, pylpunte van been en ivoor, die bekende boesmanklippe met die gat in die middel, talryke hout- en beengereedskappe, 'n slypklip en selfs 'n primitiewe ysterspiespunt.

Nadat 'n snit tot op die vaste bodem van die grond gegrawe is, kon verdere interessante gevolgtrekkings gemaak word. Die verskillende lae het duidelik aangetoon dat daar twee tydperke van bewoning was en dat daar veral 'n baie lang tyd verloop het tussen die twee bewoningstydperke. Die boonste laag van die eerste bewoningstydperk bestaan naamlik hoofsaaklik uit vrot en saamgeperste strooi of gras en die laag sand uit die dak van rooi sandsteen was dik genoeg om te verhoed dat die vure van die tweede groep bewoners die gras laat brand het.

Weer eens is daar talle spontane vrae gestel en weer eens kon daar geleer word op so 'n wyse dat die leerder nie agterkom dat hy eintlik besig is om geskiedenis te leer nie, maar slegs om sy eie nuuskierigheid te bevredig. En terselfdertyd groei die museum met waardevolle stukke wat weer die werk in die klaskamer gaan ophelder.